

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 8: *Vayish 'lach* – En Hy Het Gestuur

Ya'akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer `Esav in die land van Se'ir, die land Edom.... Gen. 32:3 – PWL¹

Torah: Gen. 32:3 tot 36:43.

Haftorah: Hosea 11:7 tot 12:12.

Nuwe Verbond: Matt. 26:36 tot 46; Rom. 12:19; Fil. 3:5; Heb. 8:8; Jak. 7:4 tot 10.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 8 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Defend the Bible? I would just as soon defend a lion. Just turn the Bible loose. It will defend itself. – Charles Spurgeon.

It's not the parts of the Bible I don't know that worries me...it's the parts that I do. – Mark Twain.

Who is the wise man? The one who learns from everyone. Who is the strong person? The one who conquers his negative impulses. Who is the wealthy person? The one who is happy with his portion. Who is the honorable person? The one who honors others – Anonymous.

Torah Bespreking

Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing het begin waar Ya'akov van sy ouerhuis weggevlug het uit vrees vir sy broer Esav. Ya'akov se keuse om in die plek van Esav die seën van die eersgeborene te ontvang, het van hom 'n vlugteling gemaak. Hy het Ooswaarts in die rigting van Haran, waar sy oupa Abraham vanaf gekom het, gevlug (Gen. 28:10).

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Ya'akov was deur God gekies om 'n sleutelrol te speel in יהוה se totale verlossingsplan van herstel deur Yeshua, dié Gesalfde Een. En tog moes hy vir sowat 20 jaar 'n veeherder wees voor hy genoeg bymekaar gemaak het om 'n huishouding te kon bekostig. En gedurende hierdie tyd was hy deur Laban, sy skoonpa, bedrieg en moes uiteindelik ook uit vrees vir Laban vlug.

Ya'akov moes egter eers in konfrontasie met homself kom alvorens hy 'n geskikte werktuig in יהוה se hande kon wees en na die Beloofde Land kon gaan. Hy moes homself eers voor יהוה verneder, sodat God hom kon verhoog (Jak. 4:6-9). Ya'akov moes eers 'n lewensveranderende ontmoeting met יהוה-God ondergaan het! Hierdie ontmoeting is 'n sinnebeeld van wedergeboorte.

In hierdie week se Torahskriflesing ondergaan Ya'akov 'n naamsveranderende ontmoeting nadat hy een nag tot dagbreek toe met 'n Man ('n Engel) gestoei het! En dan ook baie belangrik: Ya'akov moes in konfrontasie met sy verlede kom en vir Esav vergifnis vra en restitusie (teruggawe, vergoeding) doen sodat hy kon terugkeer na die Beloofde Land!

'n Konfrontasie met die verlede

Ya'akov moes volgens die belofte teruggaan na die woonplek van sy Vader, die land Kena'an. Maar hy was as te ware vasgevang tussen Laban vir wie hy gevlug het en die vrees vir Esav wat hom verhinder het om Kena'an binne te gaan. Ya'akov moes oorwinning oor sy vrees vir Esav en Laban verkry en alleenlik op God vertrou om die belofte van Kena'an te vervul!

Daarom moes Ya'akov in konfrontasie met sy verlede kom, naamlik om vir Esav vergifnis te vra en restitusie te doen alvorens hy kon terugkeer na die Beloofde Land! Ya'akov se verlede het verhinder dat hy in vrede kon terugkeer na die Beloofde Land. Daar moes eers versoening tussen Hom en Esav bewerkstellig word – versoening wat slegs moontlik is deur vergifnis! Alleenlik dan kan Ya'akov die voortsetting wees van die vervulling van die beloftes soos יהוה dit aan Avraham en Yitz'gak gemaak het. Sy verlede moes nie 'n binding en hindernis in sy toekoms wees nie!

En so moet elkeen van ons ook in konfrontasie met ons verlede kom en op יהוה vertrou om deur Sy onverdiende guns in Yeshua ons te verlos van dit wat ons verhinder om die beloftes in besit te neem. Ons worsteling met die verlede is dikwels om mense te vergewe vir wat hulle aan ons gedoen het, asook om vergifnis te vra en restitusie te doen vir dit wat ons aan ander gedoen het. Dikwels is die worsteling ook om onself te vergewe!

Elkeen word wedergebore as 'n geestelike baba. Elkeen is 'n nuwe mens met 'n nuwe identiteit in Yeshua, maar met 'n ou verlede. Daarom kan daar dinge (bindinge) in die verlede wees wat verhinder dat ons geestelike volwassenheid bereik en 'n lewe van oorwinning in Yeshua leef. Soos Ya'akov, moet ons elkeen ook in konfrontasie met ons verlede kom – 'n konfrontasie met onself, 'n konfrontasie met bindinge in ons lewe, soos onvergifnis, vrese en verslawings en 'n konfrontasie waar ons elkeen in God se spieël kyk!

- 22 Wees 'n doener van die boodskap en nie net 'n hoorder wat jouself mislei nie,
- 23 want as iemand 'n hoorder van die boodskap is en nie 'n doener nie, is hy soos 'n man wat sy gesig in 'n spieël sien,
- 24 want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het,

25 maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n doener van die dade, sal geseënd wees in wat hy doen. Jak. 1:22-25

Hierdie konfrontasie met ons verlede is dikwels 'n worstelstryd waar ons deur eie pogings probeer om die oorwinning te behaal. Ons maak planne en soek hulp hoe om die negatiewe van ons verlede te oorwin, maar dit is wanneer ons alleen is, wanneer die worstelstryd in felheid woed. Dit is dan wanneer ons in die donkerte van ons verlede, soos Ya'akov worstel tot dagbreek toe – 'n worsteling met יהוה en met dit wat mense aan ons gedoen het en dikwels ook wat ons aan mense gedoen het (Gen. 32:28).

24 maar Ya'akov het alleen agtergebly en 'n Man het met hom gestoei tot dagbreek toe.

25 Toe Hy sien dat Hy hom nie kon wen nie, slaan Hy hom op sy heupbeen sodat die heupbeen van Ya'akov uit lit geraak het soos hy met Hom gestoei het. Gen. 32:24-25

Hierdie worstelstryd is dikwels 'n worsteling tussen eie wil en יהוה se wil, of tussen eie voorwaardes en dié van יהוה. Dit is dan wanneer eiesinnigheid op die 'heupbeen' geslaan word sodat dit uit lit kan raak (Gen. 32:25) – geknak en laat vaar kan word. Dit is die kruisiging van die ou mens (Rom. 6:6) en die opstanding van die nuwe mens in Yeshua – die ou dinge (die ou orde) het verbygegaan en alles het nuut geword (2 Kor. 5:17).

Wat nou oorbly is om יהוה vas te gryp en te sê: “Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën” (Gen. 32:26)! Dit is dan wanneer die Son vir jou opgaan (Gen. 32:31) en wanneer jy in hierdie Lig, naamlik in Yeshua, dié Gesalfde van God, die toekoms van vryheid met vertroue, gehoorsaamheid en totale afhanklikheid van יהוה kan instap – mank, maar vry van die donkerte van die verlede! Dan sal jou naam ook Yisra'el² wees, want nie alleen heers God oor jou huidige lewe nie, maar ook oor al die negatiewe ervarings van jou verlede wat Hy deur die onverdiende guns in Yeshua uitgewis het! Alleenlik dan kan jy as vrygemaak volgens jou nuwe identiteit in Yeshua leef!

Vergifnis versus Onvergifnis

Onvergifnis tussen twee partye is 'n struikelblok wat verhinder dat die beloftes van יהוה in gelowiges se lewe waar word. Daarom is Ya'akov en Esav se geskiedenis vir ons 'n les in vergifnis!

Vergifnis het twee kante. Eerstens moet ons elkeen wat ons 'n onreg (geestelik en fisies) aangedoen het onvoorwaardelik vergewe. Tweedens moet ons elkeen aan wie ons 'n onreg gedoen het, om vergifnis vra wat, indien moontlik, ook restitusie vereis. Beide kante van vergifnis is uiters belangrik.

In Luk. 17:1 sê Yeshua vir Sy studentevolgelinge: “Dit is onmoontlik dat die geleentheid om te struikel nie sal kom nie”. Hiermee het Yeshua na figuurlik gesproke struikelblokke verwys wat soos 'n vangstrik, of soos 'n oorsaak van struikeling, sal wees. Hierdie struikelblokke is dit wat mense aan jou doen wanneer hulle jou verontreg (geestelik en fisies), beledig, verwerp en emosioneel seermaak. Sulke struikelblokke kom dikwels oor ons elkeen se

² Yisra'el beteken “hulle oor wie Hy heers”, en is saamgestel uit *Yisra* ' wat beteken: “hy sal heers” en uit *El* wat beteken: “Magtige God”.

lewenspad. Dit is onvermydelik! Hierdie vangstrikke wek misnoeë, gee aanstoot en veroorsaak weersin wat tot gevolg kan hê dat jy met onvergifnis in jou hart loop.

Maar onvergifnis veroorsaak dat jy die lydende party word!! Dit is nie dit wat aan jou gedoen was, of steeds gedoen word, wat die grootste pyn en hartseer veroorsaak nie. Nee, jou onwilligheid om daardie persoon wat jou verontreg het te vergewe, sal maak dat Vader-God nie meer aan jou Sy onverdiende guns in Yeshua kan bewys nie. Hoekom? Deur jou onwilligheid om te vergewe oortree jy een van יהוה se belangrikste geestelike wette, naamlik: Vergewe ander sodat jy deur יהוה vergewe kan word. Hierdie geestelike wet het Yeshua soos volg verduidelik:

14 want as julle ander hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe,

15 maar as julle ander se oortredinge nie vergewe nie, het julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie. Matt. 6:14-15

25 en wanneer julle staan en bid, vergewe as julle iets teen iemand het sodat julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredinge kan vergewe,

26 maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is, ook nie julle oortredinge vergewe nie'. Mark. 11:25-26

Lees dit weer! Indien jy en ek nie bereid is om ander te vergewe nie, sal Vader-God nie vir jou en my vergewe nie!! Dan verbeur ons die onverdiende guns van vergifnis in Yeshua!

Niemand kan bekostig om onder יהוה se onverdiende guns in Yeshua, dié Gesalfde Een, uit te beweeg nie. Daarom is dit noodsaaklik om elkeen wat jou 'n onreg aandoen te vergewe. Ons moet vergewe soos יהוה ons vergewe – onvoorwaardelik! Ons moet vergewe sonder om eers vergelding te eis. Laat vergelding aan Vader-God oor en vertrou Hom om namens jou op te tree.

Yeshua het namens jou en my die ergste verontregting ondergaan toe Hy as onskuldige aan die folterpaal gesterf het, sodat ons vergifnis kan ontvang. Yeshua het namens jou en my ons verontregting, verwerping en beledigings op Hom geneem sodat ons ook ander kan vergewe.

Tweedens is die woorde van Yeshua in Luk. 17:1-4 'n ernstige waarskuwing aan elkeen wat 'n struikelblok vir 'n ander is! Om iemand 'n onreg aan te doen, is om 'n struikelblok (vangstrik) vir daardie persoon te stel. Yeshua het gesê: *maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as 'n maalsteen vir 'n donkie om sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel.* Elkeen wat 'n struikelblok in die weg van die geringste in יהוה se Koninkryk plaas, sal aan 'n gewetenslas dra wat uiteindelik tot (geestelike) dood sal lei!!

Daarom het Yeshua gesê:

23 As jy dan jou offer na die altaar toe bring en jy daar onthou dat jou broer iets teen jou hou,

24 los jou offer daar by die altaar en gaan herstel die verhouding met jou broer en kom dan en offer jou offer. Matt. 5:23-24

Jou en my taak is om te vergewe en nie om wraak te neem nie, asook om vergifnis te vra daar waar ons iemand 'n onreg aangedoen het. Hierdie is die basis van goeie verhoudinge en die wyse om יהוה se seëninge deelagtig te wees!

Moenie self wraak neem nie, julle vir wie ons lief is, maar gee plek vir die wraak, want daar is geskrywe: “As jy nie self oordeel sal uitspreek nie, sal Ek namens jou oordeel, sê God.” Rom. 12:19.

יהוה se onverdiende guns is altyd meer as ons sonde. Hy is bereid om ons telkens te vergewe. Wie is jy en ek om ander dan nie te vergewe nie of om nie vergifnis te vra nie? Onwilligheid om ander te vergewe, maak dat ons onself bokant die Vader verhef. Dieselfde geld vir onwilligheid om vergifnis van ons medemens te vra! Nee, ons moet onself verneder deur ander te vergewe en bereid te wees om vergifnis te vra wanneer ons ander ‘n onreg aangedoen het!

Dikwels is dit moeiliker om te vergewe as om vir vergifnis te vra. In die verband is dit egter belangrik om die volgende te onthou: Om nie te vergewe nie is soos om gif te drink in die hoop dat die ander persoon sal sterf. Jy moet vergewe terwille van jouself, en nie terwille van die persoon wat jou verontreg het nie!! Onvergifnis maak van jou ‘n gevangene in ‘n gevangenis wat jyself oprig en waarvan jy die tronkbewaarder is. Jy bepaal jou eie vrylating, en vergifnis is die pad na vryheid!!

Is dit altyd maklik om te vergewe? Nee! Gaan die gevoel van seer en verontregting dadelik weg as jy iemand vergewe? Nee, nie altyd nie. Om te vergewe is dikwels ‘n proses. Die beginpunt is die bereidwilligheid en daad om te vergewe. Dit is om daardie persoon te vergewe al het jy nog seer en voel jy verontreg. Jy vergewe daardie persoon en neem jou emosie na die Vader wat jou sal troos en jou emosioneel sal genees.

Om te vergewe is jou bereidwilligheid om jou reg om verontreg te voel, prys te gee. Dit is om die Vader te vertrou dat Hy die proses van vergifnis sal voltooi en dat jy weer as ‘n emosioneel gesonde mens anderkant sal uitkom. Dit is om die liefdevolle Vader te vertrou dat Hy vir jou honderdvoudig sal teruggee dit wat jy verloor het. Dit is om te vertrou dat jy uiteindelik nie net vergewe het nie, maar dat jy ook vergeet het!

Vergewe sodat jy vergewe kan word en sodat jy deel van יהוה se onverdiende guns en Koninkryk kan bly! Vra om vergifnis sodat jy nie skuldig is aan die stel van ‘n vangstrik vir jou medemens nie, want Vader-God sal dit nie ongestraf laat verby gaan nie!

Vergifnis bring vrede; vrede met die Vader, vrede met jou medemens en vrede in jou eie gemoed. Dit is die pad van afsondering en shalom (vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenogdheid). Neem Yeshua se hand en stap die pad. Hy is jou Hoofpriester wat jou swakhede en emosies verstaan (Heb. 4:15). Hy is die Een wat versoening bewerkstellig en jou emosioneel weer heel sal maak!

Ya’akov moes Laban vergewe vir die onreg wat hy aan hom gedoen het, maar Ya’akov moes ook vir Esav vir vergifnis vra. Beide was nodig alvorens Ya’akov in vrede na die Beloofde Land kon terugkeer om daar sy roeping te vervul!

Vergifnis kan nie die verlede verander nie, maar wel die toekoms – jou toekoms!!

Forgiveness Is Not An Occasional Act: It Is A Permanent Attitude – Martin Luther King

Forgiveness is the key which unlocks the door of resentment and the handcuffs of hatred. It breaks the chains of bitterness and the shackles of selfishness. The forgiveness of Yeshua not only takes away our sins, it makes them as if they had never been – Corrie ten Boom

You can live in the past, but there is no future there – Unknown

In die artikel van Mahdokht Walter, “Versteekte sonde: My lesse in Vergifnis”, bespreek sy die lesse wat sy geleer het om elkeen te vergewe wat haar te nagekom het. Dit is ‘n getuigenis van vergifnis wat nie die verlede kan verander nie, maar wel die toekoms. Hierdie artikel is ‘n moet lees vir elkeen wat met onvergifnis worstel. Haar skrywe kan afgelaai word deur op hierdie skakel te klik: [My Lesse in Vergifnis](#).

Bepeins of Bespreek

1. Het jy ook soos Ya’akov in konfrontasie met jou verlede gekom en op יהוה vertrou om jou te verlos van die bindinge en sonde wat jou verhinder om die beloftes in besit te neem. Onthou: Dit is so maklik om die sonde van onvergifnis, asook die vra van vergifnis, nie as sonde te beskou nie!!
2. Dikwels word gesê: *Ek sal vergewe, maar ek sal nie vergeet nie!* Is dit ware vergifnis?
3. Baie belangrik in die proses van vergifnis is om jouself ook te vergewe!! Dikwels is dit die moeilikste deel van vergifnis!
4. Vergelyk Ya’akov se ontmoeting met יהוה soos dit in Gen. 28:11-22 beskryf word met sy worstelstryd in Gen. 32:24-32. Soos bespreek in parashah 7 is die eerste ‘n sinnebeeld van wedergeboorte (Joh. 3:3). Is die tweede ‘n sinnebeeld van verlossing van die siel (eie-wil, denke en begeertes; 1Pet. 1:9)?

Ya’akov die Vredemaker

Ya’akov se begeerte was om versoening tot vrede tussen hom en sy broer Esav te bewerkstellig.

³ Ya’akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer `Esav in die land van Se’ir, die land Edom

⁴ en aan hulle bevel gegee en gesê: “So moet julle aan my meester, aan `Esav, sê: ‘So sê Ya’akov, u dienskneg; ek het as besoeker gebly by Lavan en daar gebly tot nou toe

⁵ en ek het beeste, donkies, kleinvee, slawe en slavinne en ek laat weet dit vir my meester sodat ek guns mag vind in u oë.’” Gen. 32:3-5

Was Ya’akov ‘n vredemaker of ‘n vredebewaarder? Wat is die verskil tussen vredemakers en vredebewaarders?

‘n Vredebewaarder is iemand wat die vrede ten alle koste wil bewaar en in die proses bereid is om te kompromieer – toegewings te maak! Vredebewaarders vermy konflik en onaangenaamhede! Terwyl ‘n vredemaker is iemand wat ‘n middelaar is om versoening (vrede) tussen God en die mens te bewerkstellig sonder enige toegewings (kompromieë) – ‘n bereidwilligheid om mense met die waarheid van ware vrede te konfronteer. Vrede met Vader-God is slegs moontlik indien ons die onpartydige opregtheid van God in Yeshua is en as vrygespreek volgens יהוה se Torah leef soos dit in Yeshua vervolmaak is. Vredemakers is die ware kinders van יהוה!

Hoe uitermate gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Matt. 5:9.

Let daarop: Uitermate gelukkig (salig) is die vredemakers – nie die veredebewaarders nie! Maar om 'n vredemaker te wees, is dikwels om onvrede (vyandskap) tussen mense te bring!!

34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar 'n swaard,

35 want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader en tussen 'n dogter en haar moeder en tussen 'n skoondogter en haar skoonmoeder;

36 'n mens se vyande sal die kinders van sy huishouding wees. Matt. 10:34-36.

Yeshua is die Lewende Woord (Joh. 1:1-3 en 14) – die weg na die waarheid wat lewe gee (Joh. 14:6). Dit is dikwels hierdie waarheid van die Woord wat die swaard is wat tweedrag verwek in families en tussen vriende. Onthou: “The truth is not for all men, but only for those who seek it” (Ayn Rand). Slegs die waarheid kan ware vrede bring!

Die algemene definisie van vrede is die vryheid van, of die staking van oorlog, vyandskap of twis tussen mense of volke. Hierdie vrede word deur onderhandeling onder die voorsitterskap van 'n vredemaker bereik en is op grond van toegewings wat beide partye bereid is om te maak. So 'n vredesooreenkoms is afhanklik van die betroubaarheid en getrouheid van beide partye om vrede te handhaaf. Daarom is dit wankelrige en onbetroubare vrede wat van die wisselvalligheid van mense afhanklik is!! Dit is nie ware vrede nie!

Ware en blywende vrede is alleenlik deur versoening met יהוה-God moontlik! Yeshua is ons Vredemaker, wat ons met יהוה versoen.

18 en alles het nuut geword vanaf God; Hy wat ons verhouding met Homself herstel het deur Yeshua, dié Gesalfde Een en vir ons die bediening gegee het om dié verhouding te herstel,

19 want God, in eenheid met Die Gesalfde Een, het die verhouding van die wêreld met Sy majesteit herstel en nie hulle sondes vir hulle bereken nie en ons eie boodskap van die herstel van die verhouding in ons gesit; 2Kor. 5:18-19.

Yeshua is ook die Vredemaker tussen Jood en nie-Jood, naamlik die Vredemaker tussen die twee huise van Yisra'el:

13 Nou, in dié Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur die bloed van dié Gesalfde Een,

14 want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die muur van skeiding vernietig het. Efes. 2:14-15.

Hierdie vrede tussen יהוה en die mens en tussen Jood en nie-Jood is ware blywende vrede, want dit is nie van mense afhanklik nie, maar alleenlik van יהוה deur die onverdiende guns in Yeshua. Dit is die vrede wat alle verstand te bowe gaan!

6 Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend

7 en die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een; Fil. 4:6-7.

Hierdie vrede is veel meer as net die beëindiging van vyandskap. Dit is vrede wat alleenlik deur die Hebreeuse woord *shalom* beskryf kan word, naamlik: die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God.

Ya'akov is nie net met יהוה versoen nie (Gen. 32:26 tot 29), maar ook met sy broer Esav (Gen. 33:4). Slegs hierna het hy ware vrede (*shalom*) ervaar. Ya'akov was 'n vredemaker!

יהוה het ook aan ons die bediening van vredemakers gegee (2Kor. 5:19). Hierdie is die bediening van 'n krygsman wat bereid is om dit wat skeiding tussen יהוה en die mens maak, asook dit wat Jood en nie-Jood skei te konfronteer met Yeshua as dié Gesalfde van God en met Torahgehoorsaamheid. Wanneer Yeshua en Torahgehoorsaamheid een word, sal die twee huise van Yisra'el eensgesind in יהוה wees. Alleenlik dan kan daar ware vrede wees!

Bepeins of Bespreek

1. Ware vrede in die wêreld is alleenlik moontlik deur versoening met יהוה. Uiteindelik is dit wat volgens profesie sal gebeur wanneer alle menslike pogings to vrede misluk het soos wat ons in Open. 6:4 lees:

'n Perd, 'n rooie, het uitgegaan en aan hom wat daarop sit, is gegee om die vrede van die aarde af weg te vat sodat elkeen sou doodmaak en 'n groot swaard is aan hom gegee.

Tot dan is aan ons die taak van vredemakers gegee om soveel moontlik siele met יהוה te versoen.

2. Die meerderheid Jode in Yisra'el is sekulêre Jode. Het dit enige heilswaarde om aan hierdie Jode die Christenevangelie van redding in Yeshua, maar sonder Torahgehoorsaamheid te verkondig? Is dié wat so 'n vals evangelie verkondig ware vredemakers?

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.